Access fun Grade 8–12 quizzes, matric past papers, K53 learner mock tests, and NBT prep!

All in one easy-to-use app.

DOWNLOAD GO STUDY NOW

Download on the App Store

GET IT ON Google Play

Tap on the buttons above to download the app

www.gostudy.club

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 11

NOVEMBER 2017

GESKIEDENIS V2 ADDENDUM

IHISTA4

Hierdie addendum bestaan uit 12 bladsye.

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

AFDELING A: BRON-GEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET TOT DIE OPKOMS VAN AFRIKANER NASIONALISME GELEI?

BRON 1A

Hierdie bron verduidelik die vroeë gebruik van die term Afrikaner nasionalisme.

Afrikaner nasionalisme is ŉ politieke ideologie wat in die laat negentiende eeu gebore was onder Afrikaners in Suid-Afrika; dit was sterk beïnvloed deur anti-Britse sentimente wat sterk gegroei het onder die Afrikaners, veral as gevolg van die Boere Oorloë.

Volgens historikus T. Dunbar Moodie, kan Afrikaner nasionalisme beskryf word as ŉ soort van burgerlike godsdiens wat die geskiedenis van die Afrikaners gekombineer het, met die geformaliseerde taal (Afrikaans) en Afrikaner Calvinisme as sleutelsimbole. ŉ Groot voorstander van die ideologie was die geheime Broederbond organisasie en die Nasionale Party wat die land vanaf 1948 tot 1994 regeer het. Ander organisasies wat geaffilieer was aan Afrikaner nasionalistiese ideologie was die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniging (FAK), die Instituut vir Christelike Nasionale Onderwys en die Blanke Werkers Beskermingsvereniging.

[Bron: https://en.wikipedia.org/wiki/Afrikaners]

BRON 1B

Hierdie bron verduidelik hoe die eeufeesvieringe van die Groot Trek tot die ontwaking van Afrikaner nasionalisme in die 1930's gelei het.

ŉ Merkwaardige kenmerk van die manier waarop Afrikaner nasionalisme gebou was, was die klem wat op geskiedenis geplaas was ... Van besondere betekenis in die daarstelling van ŉ Afrikaner-identiteit gedurende die 1930's, was die eeufeesvieringe van die Groot Trek in 1938. Die Groot Trek, wat ŉ ereplek in Afrikaner geskiedenis ingeneem het, is herdenk deur nege ossewaens wat stadig hul pad vanaf Kaapstad na die noorde gemaak het. Dit het uitgeloop op ŉ ongekende kulturele en politieke skouspel – opgewonde skares geklee in Voortrekkergewaad (klerasie) het die optog verwelkom soos wat dit die dorpe en stede genader het. Strate was hernoem na Voortrekkerhelde; mans en vroue is verskuif na trane deur die skouspel; jongmense het getrou langs die ossewaens; paartjies het hul babas in die skaduwee van waens gedoop (baie babas is name gegee wat uit die Groot Trek gespruit het, soos Eeufesia en Kakebeenwania). Alhoewel hierdie 'tweede Trek' versigtig georkestreer was, was selfs die organiseerders uit die veld geslaan deur die oorweldigende reaksie op die gebeurtenis.

[Uit *Making History Grade 11* deur R. Deftereos et al, p228]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1C

Hierdie foto toon die herdenking van die eeufees trek, die Eeufees in 1938.

[Uit *Making History Grade 11* by R. Deftereos et al p228]

BRON 1D

Hierdie bron toon hoe die Verenigde Party (VP) se beleid gedurende die Tweede Wêreldoorlog tot Afrikaner nasionalisme bygedra het.

'Onder oorlogstoestande, het die ekonomie besonder vinnig uitgebrei en gediversifiseer en meer en meer Swartes na die stedelike arbeidsmark getrek. Deur toe te gee aan argumente dat trekarbeid, paswette, en die kleurskeidslyn wette ondoeltreffend sowel as onregverdig was, het die regering die werk kleurskeidslyn aangepas en toegelaat dat die lone van swartes vinniger styg as blanke lone en ook die paswette tydelik verslap. Hulle het ook erken dat Swartes 'n permanente deel van die stedelike bevolking was en gespeel met die idee om Swart vakbonde te erken. In daardie omstandighede, het 'n radikale Afrikaner party dit reggekry om genoegsame etniese ondersteuning te mobiliseer om 'n klein oorwinning in die algemene verkiesing van 1948 te behaal.'

[Uit *Making History Grade 11* by R. Deftereos et al p226

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 1E

Hierdie uittreksel verduidelik hoe verstedeliking en arm blanke vraagstuk tot die opkoms van Afrikaner nasionalisme bygedra het.

Die depressie van die vroeë 1930's het 'n aansienlike getal Afrikaners van die grond af gedwing tot in die stede. Baie van hulle het die nodige vaardighede ontbreek om hulself in die nuwe mededingende stedelike omgewing te vestig en was gerelegeer (verlaag) tot relatief lae-betaalde posisies. Byvoorbeeld, byna 40% van stedelike manlike Afrikaners het hulself in die volgende beroepe bevind in 1939 – handearbeid, mynwerker, spoorweg-werker en messelaar. Volgens die 1932 verslag van die Carnegie Kommissie van ondersoek na wit armoede, kon 200 000 tot 300 000 as baie arm geklassifiseer word.

Armoede was nie beperk tot die stedelike gebiede nie. Dit was ook veral kritiek in die Noord-Kaap met sy nomadiese **trekboere** in die Bosveld area van die Transvaal, in die Karoo en klein-Karoo met sy sukkelende kleinboere en ***bywoners*** en in die Suid-Kaap waar voormalige onafhanklike houtkappers 'n verlore stryd teen die gulsige houthandelaars geveg het.

Verarmde Afrikaners moes vir die volk gered word. In die Broederbond sowel as in ander kringe, was 'n strategie van etniese mobilisasie met die kombinering van die bevordering van ***volkskapitalisme*** gesien as 'n moontlike oplossing vir die probleem. Deur groep identifikasie en samewerking, was daar gehoop dat die posisie van Afrikaans sprekers verbeter kon word.

Trekboer – 'n Nomadiese Afrikaner boer
bywoner – 'n huurder boer wat vir die eienaar gewerk het in ruil vir die reg om 'n stuk grond te bewerk.
volkskapitalisme – kapitalisme in belang van die volk

[Vanuit *Book 4: Industrialisation, Rural Change and Nationalism* commissioned by the Department of Education by Albert Grundlingh]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 2: HOE HET DIE SUEZ-KRISIS VAN 1956 TOT SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE BYGEDRA?

BRON 2A

Hierdie uittreksel verduidelik waarom Nasser die Suez-kanaal in 1956 genasionaliseer het.

Die Britse troepe het Egipte verlaat op 6 Junie 1956. Nasser was tot president verkies op 23 Junie. Hy het die Egiptenare belowe dat hy 'n nuwe dam oor die Nyl, die Aswandam sou bou wat elektrisiteit aan die nuwe nywerhede sou verskaf en genoeg water aan boere sou voorsien om groot dele van de woestyn te bewerk. Op 19 Julie 1956, het die Verenigde State van Amerika (kwaad omdat Nasser met die Sowjetunie onderhandel het) sy lening aanbod aan Egipte vir die bou van die dam, teruggetrek. Die Britse regering het dieselfde gedoen die volgende dag. Dit was 'n wrede slag vir Nasser se trots. Alhoewel Egipte bereid was om vergoeding te betaal, het Nasser se nasionalisering van die Anglo-Franse Suez-kanaal die Britse en Franse regerings kwaadgemaak.

[Vanuit: *The Modern World 1914 – 1918* by Philip Sauvain]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2B

Hierdie artikel handel oor die aanvalle van die Anglo-Franse (Brittanje en Frankryk) troepe op Egipte in 1957. Daar was weerwraak vanuit Egipte teenoor aanvalle op die Sinai en die Suez-kanaal.

Op die oggend van 30 Oktober het Brittanje en Frankryk ultimatums (finale eise) aan Egipte en Israel uitgereik. Hulle het Operasie Musketeer op 31 Oktober geïnisieer met 'n bombardementsveldtog. Nasser het gereageer deur al 40 skepe in die kanaal te sink en dit daardeur gesluit het vir alle skeepvaart – skeepvaart sou nou eers weer plaasvind vroeg in 1957. Ten spyte van die risiko van ʼn inval in die Kanaal-sone, het Veldmaarskalk Abdel Hakim Amer die Egiptiese troepe beveel om in die Sinai te bly, terwyl hy met selfvertroue Nasser verseker het dat die Egiptenare die Israelies in die Sinai kon verslaan en dan die Anglo-Franse magte kon verslaan sodra hulle aan wal sou kom in die Kanaal-sone.

Amer het ook vir Nasser aangeraai om meer troepe na die Sinai te stuur om sy beloofde neerlaag op Israel toe te dien, selfs al was daar ʼn groot risiko dat die Anglo-Franse magte die kanaal sone sou beset.. Eers laat op 31 Oktober het Nasser Amer se rooskleurig mening verontagsaam en sy magte in die Sinai tot ʼn skietstaking beveel en om terug te val na die Kanaal sone om die verwagte Anglo-Franse inval in die gesig staar. Eden en Mollet het opdrag gegee dat fase een van Operation Rivise 13 ure na die Anglo-Franse ultimatum moes begin.

Britse bomwerpers wat in Ciprus en Malta gestasioneer was, het na Kaïro vertrek met die doel om Kaïro lughawe te vernietig, maar was persoonlik deur Eden teruggeroep toe hy verneem dat Amerikaanse burgers besig was om te ontruim by Kaïro lughawe. Uit vrees van weerwraak wat dalk kon volg indien Amerikaanse burgers in ʼn Britse bombardement sou sterf, het Eden die Valliant bomwerpers terug gestuur na Malta terwyl die Canberras beveel was om die Almaza lugbasis buite Kaïro te teiken. Britse nag-bombardement was ondoeltreffend.

Templer het ʼn memorandum geskryf wat soos volg gelees het:

Sommige mense in Engeland sê vandag dat wat ons is in die Midde-Ooste gedoen het, sal verskriklike gevolge vir die toekoms inhou ... Die werklikheid is dat ons ʼn dubbele slag geslaan het. Met ʼn bietjie geluk het ons nie net ʼn groot oorlog in die Midde-Ooste gestop nie, maar ons het die opmars van Rusland deur die Midde-Ooste en na die Afrika-kontinent stop gesit.

[Vanuit https://en.org/Suez_Crisis]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2C

Hierdie spotprent deur Leslie Illingworth het op 28 November 1956 in Punch T*ydskrif* verskyn. Dit toon 'n toneel in 'n hof waarin die Verenigde Nasies, verteenwoordig deur die regter/onderwyser, straf uitdeel. Die drie mans wat gestraf word is die Eerste Ministers van Israel en Brittanje en die Franse President. President Nasser kyk met 'n skalkse glimlag terwyl hulle lyne skryf: "Ek moet nie boelie nie." Dit verwys na hul aanval op Egipte nadat Nasser die Suez-kanaal genasionaliseer het.

Khrusjchev (Rusland)

Hongarye



Nasser (Egipte)

Ben Gurion (Israel)

Eden (Brittanje)

Mollet (Frankryk)

[From *Top Class History* by P. Ellis et al]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 2D

Die bron toon die syfers van die getal ongevalle (sterftes) en die beraamde ongevalle tydens die Suez-Kanaalkrisis van 1956.

ONGEVALLE	BRITSE	FRANSE	ISRAELIESE
Dood	16	10	231
Gewond	96	33	899
TOTAAL	**112**	**43**	**1 130**
BERAMINGS (SKATTINGS)		**FRANSE**	**EGIPTIESE**
Dood		400	1 000 – 3 000
Gewond		650 – 900	4 000
TOTAAL		**1 050 – 1 300**	**5 000 – 7 000**

[Uit *Questions of evidence: The Twenty Century World* by P. Mantin]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN APARTHEID OP SWART SUID-AFRIKANERS IN DIE 1950's?

BRON 3A

Hierdie uittreksel deur Martin Meredith verduidelik hoe apartheid gehandhaaf moet word sodat Blankes die mag en rykdom moes behou ten koste van die meerderheid van die mense d.w.s. swartes.

"Om te verseker dat Suid-Afrikaanse blankes die mag permanent moes behou, het blanke politici die mees ingewikkelde rassestruktuur ontwerp wat die wêreld ooit gesien het. Teen die einde van die Tweede Wêreldoorlog het Suid-Afrika se rassebeleid verskil in detail eerder as in wese van die diskriminerende praktyke wat elders in Afrika onder Europese beheer gebruik was." Maar in 1948 het Afrikaner Nasionaliste aan bewind gekom met hul eie weergawe van rasse beheer, genoem Apartheid, vasbeslote om blanke oppergesag vir altyd te verseker en om die swart gevaar te vernietig wat hulle sê die blanke samelewing in die gesig staar het."

Stap vir stap was die swart bevolking onderwerp aan 'n groot verskeidenheid regeringsbeheer en geskei van blankes waar moontlik. Elke faset van hul lewens – verblyf, indiensneming, onderwys, openbare geriewe en politiek – was gereguleer om hulle in 'n streng ondergeskikte (minder belangrike) posisie te hou ... Daar was nie pretensie (voorgee) oor die doelwit nie. 'Of die wit man oorheers óf die swart man neem oor', het die eerste Minister, Hans Strijdom in 1956 voor die Parlement gesê.

[Uit: *The State of Africa – A History of fifty years of independence* by Martin Meredith]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 3B

Hierdie bron bestaan uit ʼn geskrewe – en 'n visuele bron wat handel oor die implementering van die Groepsgebiede Wet in Sophiatown.

GESKREWE BRON: Sommige historici is geneig om die weerstand teen Sophiatown se uitsetting (verwydering) te verduidelik in terme van die begeerte om ʼn nie-rassige gemeenskap te bewaar teen vernietiging deur die apartheidsregering. Ander argumenteer dat die hervestiging na Meadowlands ernstige probleme sou veroorsaak vir baie wat in Johannesburg werksaam was. Vervoer (pendel) tussen Meadowlands en Johannesburg het bykomende koste geïmpliseer op ʼn tydstip toe inkomstes laag was. In die tweede plek sou die langer afstand ook lei tot talle ander uitdagings, insluitende verhoogde tariewe en die spandering van meer tyd aan pendel (vervoer) tussen huis en werkplek.

ʼn Ander, meer dwingende rede blyk te wees die impak wat gedwonge verwydering sou hê op enkele (ongetroude) mans in Sophiatown en hul uitgebreide families in die reserwes. Soos vroeër opgemerk, was die meerderheid enkele mans wat Sophiatown betree het in die 1930's, 1940s en vroeë 1950s oorwegend maar nie uitsluitlik, vanaf die reserwe gebiede van die Noord-, Oos- en Wes-Transvaal. Terwyl hulle enkele mans in Johannesburg was, was hierdie manne hoofde van gesinne by hul huise. Tipies, was baie in veelwywery betrokke met verskeie vroue en kinders. Gekonfronteer met die vooruitsig van uitsetting (verwydering) vanuit Sophiatown moes hierdie mans besluit of hulle hul families by hulle sou laat aansluit in die stad.

Baie het die hervestiging na Meadowlands gesien as toegang tot ʼn huis met drie kamers. Anders as in Sophiatown waar ʼn enkele kamer met enige iemand gedeel kon word, was huise in Meadowlands spesifiek vir gesinne bedoel. Instromingsbeheermaatreëls het voorskryf dat slegs getroude mans toegelaat sou word om hierdie huise in Meadowlands saam met hul gades en biologiese kinders te bewoon. Besonderhede van alle lede van die gesin was op die huispermit aangeteken.

VISUELE BRON: Toon die gedwonge verwydering van mense uit Sophiatown

[Uit: http://www.sahistory.org.za/article/urban-removals-destruction-sophiatown]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

BRON 3C

Dit is ʼn uittreksel oor die uitwerking van die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike op ʼn Suid-Afrikaanse familie.

Raymond du Proft was ʼn Belgies gebore wit Suid-Afrikaner. In 1950 net nadat die regering die Wet op die Verbod van Gemengde Huwelike ingestel het, was hy werksaam in die polisiemag. Hy was twintig toe hy Diane Bassick ontmoet wat in ʼn Kaapstad restaurant gewerk het. Hulle het verlief geraak op mekaar, maar aangesien sy as ʼn Kleurling geklassifiseer was, kon hulle slegs in die geheim ontmoet.

Kort voor lank het hulle ʼn kans gevat en begin om saam te leef. Ses jaar later na die geboorte van hul eerste seun, het hulle ʼn huis in ʼn Afrikaanssprekende distrik gevind en hulself sonder enige probleme voorgegee as ʼn wit getroude paartjie. Hulle het uiteindelik vyf kinders gehad, wie almal as Kleurling geklassifiseer was. Volgens die nasionale wet moes hulle na ʼn skool vir Kleurlinge in ʼn ander distrik gaan. Om die pretensie (voorgee) van blank wees te handhaaf het du Profts sy kinders tuis gehou en hulle opgevoed tot die beste van sy vermoë. Hulle het gereeld aansoek gedoen vir Diane en die kinders om as wit geherklassifiseer te word maar was net so gereeld geweier.

Huwelik was buite die kwessie. Toe hul oudste seun, Graham negentien was, het hy begin uitgaan met ʼn Afrikaanssprekende meisie en sy het swanger geword. Maar weereens omdat hy as Kleurling en sy as wit geklassifiseer was, kon hulle nie trou nie. In ʼn oomblik van wanhoop, het Graham homself onder ʼn trein gegooi; hy is op slag dood.

[Uit: *South Africa* by I. Phillips]

BRON 3D

Hierdie bron toon die reaksie van die swart ouers teenoor die Wet op Bantoe Onderwys van 1956.

"In 1953 het die regering die Wet op Bantoe Onderwys deurgevoer wat die mense nie wou hê nie. Ons wou nie hierdie slegte opvoeding vir ons kinders hê nie. Hierdie Bantoe Onderwyswet moes seker maak dat ons kinders slegs dinge moet leer wat hulle goed sou maak vir wat die regering wou hê: om in die fabrieke te werk ensovoorts; hulle moet nie behoorlik op die skool leer soos die wit kinders nie. Ons kinders moes slegs vir drie uur per dag skool toe gaan, twee skofte van kinders elke dag, een in die oggend en een in die middag sodat meer kinders ʼn bietjie onderrig kon ontvang sonder dat die regering meer geld moes spandeer. Hawu! Dit was ʼn verskriklike ding daardie wet."

[Bron: Baard en Schreiner, *My Spirit is Not Banned, Part 2*]

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Baard en Schreiner, *My Spirit is Not Banned*, Part 2

https://en.org/Suez_Crisis

http://sahistory.org.za

Grundlingh A. *Book 4: Industrialisation, Rural Change and Nationalism* commissioned by The Department of Education

Deftereos R., et al, *Making History Grade 11*

Mantin. P, *Questions of evidence: The Twenty Century World*

Mcmahon. P, *Learning series*

Meredith, M, *The State of Africa – A History of fifty years of independence*

Phillips, I, *South Africa*

Sauvain Philip, *The Modern World 1914–1918*

Kopiereg voorbehou

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore

Download "Go Study Now" on iOS & Playstore